‘N WOORD VAN **FREDDIE**

PRESIDENT: NGUNI BEESTELERSGENOOTSKAP

Beste Nguni-vennote,

Soos julle weet, het ons onlangs ‘n nuwe strategie vir ons gemeenskap saamgestel om ‘n volhoubare toekoms vir al ons Nguni-vennote te verseker binne ‘n veranderende landbou-omgewing. Dit is belangrik dat ons na alle Nguni-produsente se belange omsien, markkanale skep vir alle segmente en ons lede in staat stel om winsgewend te wees.

Elkeen van ons vennote vorm ‘n belangrike deel van die Nguni-gemeenskap. Dit is dus vir my belangrik dat julle op hoogte bly van aktuele sake en dat ons belyn is op die pad na langtermyn sukses.

Kommunikasie speel ‘n belangrik rol hierin en daarom wil ek op ‘n meer gereelde basis inligting met julle deel.

Gedurende die volgende paar maande sal ons ‘n aantal klub-roadshows aanbied om ons strategiese denke met julle te deel, informele gesprekke te hê en julle insette te kry. Die klub-roadshow vir KwaZulu-Natal sal op 27 Mei gehou word en ons sien uit na ‘n produktiewe sessie saam met al ons vennote.

Kyk uit vir die datums van die ander roadshows, wat binnekort met julle gekommunikeer sal word. Maak seker julle woon hierdie opwindende sessies by.

Saam bepaal ons die rigting, en ons begin vandag.

Groete,

Freddie

NGUNI
Beestelersgenootskap
Cattle Breeders’ Society